



Ons Haantjie

Nr 145

Februarie
2021

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familielond

Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
6848 Villiersdorp

Sel: 082 355 3801

www.henning.org

E-pos: olie4@henning.org

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

Dooprokkie vir ses geslagte



Dooprokkie waar in ses geslagte van die nasate van Martha Henning *26-8-1857 gedoop is. Foto van die kappies wat vir die baba opgesit is, op die volgende bladsy

Mense wat al na die Henning Virtuele Museum op die Internet gaan kyk het, sou opgelet het dat die plaas Damfontein, in die distrik van Aliwal-Noord 'n belangrike rol in die museum speel. Hierdie plaas was 'n tipiese voorbeeld van die plase van die vroegste Noord-Oos Kaap Trekboer families. Die tweede opstal wat op hierdie plaas gebou is, is gedurende 1850 gebou en verskeie foto's van hierdie huis kan in die museum gesien word, asook die dooprokkie waaroer hierdie artikel handel.

a2.b7.c8.d1. Martha Johanna Elizabeth Henning, gebore 26 Augustus 1857, was een van die eerste baba's wat in dié huis gebore is. Haar oupa was 'n tipiese vroeg negentiende eeuse trekboer en die eerste eienaar van die plaas en haar pa is vroeg in 1856 vanuit hierdie plaashuis getroud. Sy was immers haar ouers se eerste kind en het op Damfontein grootgeword. Sy is in 1877 getroud met die Hollandse

onderwyser Herman Zurich. Die Henning familie het hom aangestel om vir al die Henning - en ander kindertjies in die omgewing skool te hou.



Babadogertjies dra 'n pienk kappie en seuntjies 'n blou kappie

Herman en Martha Zurich se tweede kind, Wilhelmina Catharina Zurich, gebore 23 Oktober 1880 is op haar beurt in 1905 in Oos-Londen getroud met James Fowels.

Wilhelmina Zurich se suster, Anna Elizabeth Zurich *1882 (getroud Baker) het 'n paar maande na Wilhelmina se troue, 'n dooprok vir die Fowels egpaar gemaak — betyds vir die doop van hulle eerste kind, Lewis Basil

Fowels, wat op 4 Maart 1906 gebore is. Die doopplegtigheid het drie dae later op 7 Maart 1906 in die kapel van St Saviour, Oos-Londen plaasgevind. Ouma Martha Zurich (gebore Henning) se jongste suster, Annie Isabella Fuller (gebore Henning) *1877 en haar man George Sydney Fuller was die twee peetouers vir die nuwe baba.

Die dooprok is hierna in 1908 vir die doop van Iris, die tweede kind van die Fowels egpaar, gebruik en sy het die dooprok daarna met die doop van haar enigste seun, Ole Kristian gebruik.

Wilhelmina Fowels (gebore Zurich) is later met 'n Noorweegse skeepskaptein, Michael Olaus Landmark getroud en sy en haar twee kinders emigreer saam met haar nuwe man na Noorweë, waar die nasate van die familie vandag nog woon.

Toé Lewis Basil Fowels, seun van Wilhelmina (gebore Zurich) in 1938 in die huwelik tree met die Noorweegse meisie, Solveig Tusvik was hierdie dooprok ook tussen hulle trougeskenke. Hy en sy vrou het dus ook al drie hulle kinders [Bjarne Sigurd (1940), Ingebjørg Lindis (getroud Sørlie) (1942) and Ruth Søgni (getroud Andersen) (1946)] in die rokkie gedoop. Al Bjarne, Ingebjørg en Ruth se kinders en alle kleinkinders is ook in hierdie rokkie gedoop.

Dit het nou onder ons aandag gekom dat Ingebjørg se eerste agterkleinkind, Pim Aleksander Langgård Fjellheim, wat op 6 Junie 2020 gebore is, nou ook in hierdie dooprokkie gedoop is — dus die sesde geslag van hierdie familie. Sy ouers: Rudi Aleksander Fjellheim en sy vrou Lene Marie Langgård Fjellheim en sy oupa en ouma, Morten Langgård, gebore 13 April 1967 en Rita Sørlie (dogter van Ingebjørg), gebore 18 April 1967.

Ons kan bevestig dat hierdie familie nog steeds baie trots op hulle Suid-Afrikaanse Henning konneksies is. Groot-ouma Ingebjørg Sørlie het al die besonderhede en foto's verskaf. Ses opeenvolgende geslagte van die nasate van Martha Johanna Elizabeth Henning, gebore 26-8-1857 is dus in dié dooprok gedoop, wat dit baie spesiaal en sekerlik die rekord onder die nasate van alle Hennings maak.

Cornelis Belsazar Henning *17-1-1886

In die Afdeling oor die Krygsgeschiedenis van die Henning familie word daar breedvoerig oor a2.b1.c6.d3.e11 Cornelis Belsazar Henning, gebore 17-1-1886 se betrokkenheid in die Anglo Boereoorlog (ABO) berig. Hy het immers as 'n veertienjarige seun in hierdie oorlog geveg en is verwond en gevangegeem. In die Ons Haantjie 142 van Mei 2020 het ons ook vertel van die pyp wat Cornelis se pa as 'n krygsgevangene op die eiland St Helena gemaak het, maar na die oorlog aan hom gegee het.



a2.b1.c6.d3.e11 Cornelis Belsazar Henning, gebore 17-1-1886 en sy vrou, Susanna Francina (gebore Fouché *19-10-1889

Na die oorlog moes hy te voet vanaf Jamestown terugstap na hulle plaas, Palmietfontein in die Rouxville/Zastron distrik. As gevolg van ontberinge het sy familie hom amper nie herken nie en die wondmerk aan sy linkerslaap was tot sy dood duidelik sigbaar.

Hy het mettertyd die plaas Riviergesig, in die Zastrondistrik bekom waar hy 'n welvarende melkboerdery bedryf het.

Na die Eerste Wêreldoorlog, droogtes, ander natuurrampe en wêreldwye probleme op politieke en ekonomiese gebied, het dinge die eerste paar jaar van die 1920's op die plaas skynbaar nie meer so goed gegaan nie en word hy deur een van sy neefs omgepraat om sy geluk op die diamantvelde Noord van Kimberley – by Lichtenburg - te gaan beproef.

Hy laat sy vrou en kinders agter op Riviergesig. Vroeg in November 1926 lewer 'n perderuiter – die posman – 'n brief by sy vrou af dat haar man ernstig siek lê met longontsteking. Sy en haar seun Francois Delarey (*1914) - toe ongeveer 12 jaar oud - het onmiddellik met 'n perdekar Lichtenburg toe gery. Toe hulle twee weke later in

Toe die oorlog gedurende Oktober 1899 uitgebreek het, het sy pa, Pieter Hendrik Henning *30-7-1840 by die Rouxville Kommando aansluit en het die veertienjarige Cornelis sy pa vergesel. Sy naam is egter nie in die kommandolyste opgeneem nie.

Daar is gelukkig stawende bewyse — brieue deur die Adjudant van die Rouxville Kommando en 'n burger P W Vogel — dat hy aan die slag by die Aliwal-Noord brug op 10 Maart 1900 deelgeneem en deur skrapnel verwond is.

Tydens die geveg is sy pa se perd deur 'n kartets in die hoof getref. Cornelis moes dus sy pa ook op sy perd laai en op die vlug slaan. Hy het dus sy pa se lewe gered.

Soos sy pa, is Cornelis ook deur die Britse magte gevang. Sy pa is na die krygsgevangenkamp op die eiland St Helena gestuur, terwyl Cornelis te Jamestown aangehou is om verpleeg en opgesluit te word.

Lichtenburg aankom het hulle verneem dat hy reeds op 17 November 1926 oorlede en daar in Lichtenburg begrawe is.

Francois Delarey, wat saam met sy ma was, het later vertel dat toe hulle die graf besoek het en hy so links opkyk het hy genl Delarey se graf gesien. Sy grafsteen is ‘n perderuiter op ‘n perd. Die familie het later weer na die graf gaan soek, maar kon dit nie vind nie. Daar bestaan twyfel, tot vandag toe, of Cornelis in die dorpsbegraafplaas of die begraafplaas vir die diamantdelwers begrawe is. Genl De la Rey se standbeeld staan inderwaarheid voor die stadsaal van Lichtenburg.

Ten spyte van al die drama met die diamantdelwery, kan Cornelis sekerlik as een van die grootste helde in die anale van die Henning geskiedenis beskou word, weens die feit dat hy as ‘n veertienjarige seun geveg het, gewond is en sy pa se lewe gered het. Hy het nie gekwalifiseer vir die ABO medalje wat in 1920 aan burgers wat geveg het, toegeken is. In vandag se dae sou die Honorus Crux dekorasie in Goud aan hom toegeken gewees het.

Boerepompie skitter op YouTube

Gedurende Desember 2020 het dit bekend geword dat die uiters gewilde Afrikaanse liedjie “Boerepompie” wat gedurende 2019 deur Ricus Nel gekomponeer en deur hom en Snotkop gesing word, slegs die derde Afrikaanse musiekvideo geword het wat meer as tien miljoen keer op YouTube gekyk is.

Snotkop is natuurlik Francois Henning - a2.b5.c4.d4.e1.f7.g1.h2 - in die Henning Familielikroniek.

Die Burger het kort na die vrystelling van die liedjie berig dat dit binne ‘n dag al meer as 100 000 keer gekyk is.

Hoewel die liedjie verwys na die verskillende benamings vir ‘n konsertina, laat dié dubbelsinnige benamings baie mense skaterlag – veral die liedjie se refrein:



Snotkop, oftewel Francois Henning en Ricus Nel nadat hul liedjie “Boerepompie” meer as 10-miljoen keer op YouTube gekyk is

hy en Snotkop (Francois Henning) werklik is.

*Almal like van ‘n boerpompie,
Haal die krismiswurm uit.
Almal like van ‘n boerepompie,
Laat die donkielong jou byt.
Almal like van ‘n boerepompie,
In die stad of op die plaas,
want ‘n boerepompie gee nie om nie,
is jy kort of rond nie, jy gaan lekker dans.*

Ricus Nel sê dat dit rērig onwerklik voel. Hy weet nie wat hulle reg doen nie, maar dit is duidelik dat hulle iets reg doen. Hy dink dit is die eerlikheid van die liedjie wat dit so gewild maak. Dit wat hulle sing, is wie

In die kommentaar onderaan die liedjie op YouTube loof nie net Afrikaanse of Suid-Afrikaanse musiek liefhebbers die liedjie nie – dit vind ook aanklank by luisteraars in lande soos Amerika, België, Meksiko, Nederland en Swede.

Die heel eerste Afrikaanse musiekvideo wat meer as tien miljoen keer op YouTube gekyk is, was Rikus Nel se liedjie “Harde Kole” wat hy gedurende 2016 gekomponeer en saam met Adam Tas, Bok van Blerk en Refentse gesing het. Daarna het gevolg Francois van Coke en Karen Zoid se duet, “Toe vind ek jou”.

Baie geluk aan Rikus Nel en Francois Henning

Eugene Henning HUB van Beroepsrugbyspelers



a2.b10.c6.d3.e3.f2.g3. Eugene Henning
*23-5-1977 Hoof Uitvoerende Beampete
van die Beroepsrugbyspelers-
vereniging van Suid-Afrika

Oor die afgelope tyd het mens gereeld oor die TV, radio en koerante verneem van ‘n Eugene Henning wat namens beroepsrugbyspelers uitsprake maak. Verskeie mense het by die Bondsekretaris navraag gedoen wie hierdie Eugene Henning is. Aanvanklik kon ek hom ook nie identifiseer nie, omdat ons verskeie Eugene Henning’s op rekord het en al die Eugene’s met wie ek kontak het, ontken dat dit hulle is. Uiteindelik het ek op die webwerf van die organisasie, "My Players" gaan krap en daar ‘n foto van hierdie Eugene Henning gesien en het hom onmiddellik identifiseer as Eugene Henning, gebore 23 Mei 1977, met genealogiese nommer a2.b10.c6.d3.e3.f2.g3.

Eugene is in Beaufort-Wes gebore maar sy ouers het mettertyd na Pietersburg verhuis. As

’n skolier aan die Pietersburg Hoërskool presteer hy gereeld in redenaarskompetisies waar hy vir etlike jare die provinsiale of nasionale kompetisies wen. Hy was ook Onder-Hoofseun van die Pietersburg Hoërskool. Na matriek studeer hy in die Regte aan die Universiteit van Stellenbosch en word vir die jaar 2001 as Ondervorsitter van die Studenteraad verkies. Hy verwerf uiteindelik die grade B Com, LLB en MBA en praktiseer as prokureur waar hy as regadviseur vir Bidvest in die VK dien. Na sy terugkeer na Suid-Afrika werk hy as regadviseur in die finansiële sektor en word aangestel as die Hoof-Uitvoerende Beampete van rugby se "My Players" organisasie.

Eugene se voorsate was die laaste Hennings wat op die plaas Elandskraal, in die wyk, Achter de Stormberg in die Graaff-Reinet distrik (later ingedeel by Cradock) – die plaas van ons ou stamvader, Pieter Hendrik Henning - gewoon het.

Afdeling Genealogie by FAK

Die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA), het gedurende 2019 tot niet gegaan omdat dit nie self die nodige fondse kon genereer om selfstandig voort te bestaan nie. Genealogie vorm deel van die kultuurfernis van enige volk. Dit was dus 'n gevoelige slag en tragedie virveral Afrikaners.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) het dus gedurende 2020 'n afdeling vir genealogiese navorsing tot stand gebring en ons ou vriendin Isabel Groesbeek, 'n bekwame genealoog, aangestel om die afdeling te bestuur.

Nadat die program, "Met 'n Huppel in die Stap" gedurende Augustus 2020 op die KykNET kanaal (144) 'n insetsel oor die Henning Familiebond gedra het, is daar besluit om 'n artikel in hul digitale tydskrif op die FAK se webblad oor Bondsekretaris, Olivier Henning te plaas.

U is welkom om na hierdie artikel te gaan kyk by die volgende skakel:

<http://www.fak.org.za/2020/11/24/die-rol-wat-olivier-j-henning-in-rsa-genealogie-geespeel-het/>

Die hoofskakel na die FAK se webwerf is www.fak.org.za



Babas

a2.b1.c8.d14.e2.f1.g2. Pieter Lucas Henning *4-7-1958 en sy vrou Anneke Dicks se dogter Abby-Gale *Brakpan 9-2-2001 het laat weet dat sy en haar vriend, Joshua Vosloo *28-1-1999 wat beide in Brakpan woon, op 29 Julie 2020 ouers geword het van 'n baba seuntjie wie se naam AJ Henning sal wees. AJ is in die Life Dalview Clinic hospitaal te Dalview, Brakpan gebore.


Abby-Gale Henning *9-2-2001 en haar vriend, Joshua Vosloo met hul kleinding AJ (sy van is Henning) wie op 29 Julie 2020 te Brakpan gebore is

Sterftes

Die afgelope drie maande het ons met leedwese van die dood van ses Hennings verneem.

Oudste Henning in SA oorlede

Ons het in Haantjie nr 141 van Februarie 2020 berig oor **Pearl Sybil Zelda Henning (gebore Fisher) wat op 10 Desember 1919** gebore en in 2019 haar honderdste verjaardag gevier het. Sy was die eggenote van a2.b5.c5.d8.e2.f5. Gert Frans Henning gebore 3 November 1916, maar haar man, Gert is reeds in 1988 oorlede. Tannie Pearl het die laaste jare van haar lewe in Huis Esperanza, Strand gewoon. Sy het al haar kinders oorleef.



Haar kleinseun, Ingar Henning se vroutie Elsie het laat weet dat tannie Pearl op 7 November 2020 gester het – **‘n maand voor haar 101ste verjaardag**. Dit maak haar die vyfde oudste persoon in die Henning Familielkroniek. In die Henning Familielkroniek op laserskyf (CD) en op die Henningwebwerf op Internet word talle interessante statistieke van die Henning familie verstrek — onder andere ‘n lys van die twintig oudste persone wat ons in die Henning Familielkroniek opgeneem het. Daar mag nog mense wees wat ook ouer as honderd jaar oud geword het, maar van wie ons nie die sterfdatum gekry het nie.

Pearl Henning *10-12-1919 en oorlede 7-11-2020 saam met haar kleinseun, Ingar Henning. Foto geneem met haar 99ste verjaardag

Eggenote van Voorsitter van die Familielbond oorlede

Johanna Wilhelmina Catharina Henning (gebore Dippenaar) met noemnaam Wena is op 19 Februarie 1936 gebore. Sy was die jongste dogter van Dr Alewijn Dippenaar en sy vrou Joey en die eggenote van Gideon Stephanus (Giep) Henning, (a2.b7.c8.d8.e1.f4.) huidige Voorsitter van die Henning Familielbond. Sy is te Gouda (naby Tulbagh) gebore.



Gideon Henning, voorsitter van die Henning Familielbond en sy vrou Wena, wie op 5 November 2020 in die ouderdom van 84 jaar oorlede is

Hulle verhuis later Paarl toe en bly in Pleinstraat oorkant die destydse OKP. Wena was eers in die Hoër Meisieskool Paarl tot Std 8 en daarna na die Hoër Handelskool Paarl, waar sy gematrikuleer het. Sy het toe vir Ou Mutual gaan werk in Pinelands. ‘n Interessante brokkie inligting : Daar was ‘n inhuldiging van ‘n nuwe standbeeld van Wolraad Woltemade voor die Mutual gebou en die jong Wena Dippenaar het die eer gehad om Ou Mutual te veteenwoordig. In 1956 stel haar broer haar voor aan Gideon Henning, ‘n jongman van die plaas Toekoms op Aliwal-Noord.


Die twee het verlief geraak en is op 6 April 1957 getroud (die destydse Van Riebeeck vakansiedag). Aanvanklik woon hulle in Vredehoek Kaapstad. Hulle oudste seun Stanley is daar gebore. Daarna besluit hulle om Strand toe te trek, want haar ouers het ook daar gewoon. Dit is waar hulle toe die res van hulle lewe gebly het. Hul ander twee kinders, Wilhelmina en Bernardus, is in die Strand gebore.

Nadat al die kinders die huis verlaat het, is Gideon na die hoofkantoor van die ou Spoorweë in Johannesburg verplaas en het Gideon en Wena vir drie jaar in Birchleigh, Kemptonpark gewoon.

Daarna verhuis hulle weer terug Strand toe met Gideon se afdrede.

Wena het 84jaar oud geword, maar ongelukkig moes sy sonder keuse op die Dimensia trein klim. Vir meer as vier jaar het Dimensia sy tol geëis. Gideon en sy span (versorgers en kinders) het alles ingesit om die status-quo te handhaaf. Dit was 'n moeilike en lang uitmergelende Dimensia treinreis. Moedertjie Wena se trein het op 5 November 2020 haar stasie vir die laaste keer ingery .

Ander sterftes



James Stephenson (Jimmy) Henning en sy vrou Petra *26-7-1953, wie op 24-9-2020 gesterf het

Petra Henning (gebore Bergh) *26-7-1953, eggenote van a2.b1.c3.d12.e10.f4.g2. James Stephenson (Jimmy) Henning *4-6-1950 van die plaas Doornfontein in die distrik van Randfontein het op 24 September 2020 gesterf. Hulle het voorheen op die plaas Holfontein in dieselfde distrik geboero.

Jimmy en Petra het drie kinders, 'n seun Cornelius Jacobus (Connie) en twee dogters Engela en Marianne. Hulle het ook vyf kleinkinders.

Jimmy sê dat Petra was sy beste maat vir agt-en-veertig jaar. Van skooldae af trek hulle by 53 jaar. Sy was 'n ware moeder vir al die kinders, die harde werk as boervrou en toe hulle boerdery begin het met die plaaswinkel wat sy bedryf het om hulle aan die gang te hou. Sy het altyd al die rywerk gedoen om vir onderdele te soek as die mans op die plaas besig was. Sy was Jimmy se 4 x 4 toermaat en kamp-maat oor al die jare. Jimmy dank ons Hemelse Vader vir die saamwees, gesels en bymekaar wees.

Ook dat hy Petra kon versorg tot op die laaste. Hy gaan haar geweldig mis, maar gun haar ook die rus sonder pyn en benoudheid. Hy sal vir altyd lief wees vir haar ...

Roydon Trevor Henning *25-12-1950. Gedurende Augustus 2020 lees ons ‘n berig in Die Burger van ‘n Trevor Henning (69-jaar oud) – ‘n toerbus operateur – van George, wat in ‘n ongeluk by sy huis gesterf het. Die berig het onmiddelik my aandag getrek en ek het gekyk of ons Trevor Henning op rekord het en waar hy in die geslagsregister inpas.



a2.b1.c6.d11.e3.f1.g3. Roydon Trevor Henning (Trevor) *25-12-1950 en sy gesin. Heel voor: Wanda Henning *28-12-1975 (h2) en Adele Nolte (gebore Henning) *1-12-1972. Middel: Pa Trevor, ma Elsa (gebore Piek) *20-6-1951 en Vicky Botha (gebore Henning) *7-6-1979 met haar dogterjie, Chinika *26-1-2006. Heel agter: Mynie van den Berg en Marco Henning *20-1-1999, seun van Wanda; Chris Nolte *11-2-1976, man van Adele en Marius Botha *10-12-1974, man van Vicky

In die berig word Trevor se vrou, Elsa, drie dogters (Adele, Wanda en Vicky) en ‘n skoonseun, Marius Botha se name vermeld, maar dit het op daardie stadium geblyk of ons nie hierdie Trevor op rekord gehad het nie. As ‘n genealoog, met meer as veertig jaar ondervinding, het ek na ander leidrade begin soek en gemerk dat daar ook in die berig vermeld word dat Trevor skynbaar verbond was aan ‘n Facebookgroep “555 Manne van George”. Op hierdie facebookblad het ek ‘n telefoonnummer gekry en geskakel. Die persoon wat die foon geantwoord het, het van die ongeluk geweet en kon dadelik vir my Trevor se skoonseun, Marius Botha se telefoonnummer gee.

Marius was net so behulpsaam en het onmiddelik sy skoonma en sy vrou, Vicky se E-Posadresse vir my gegee en daar het ons korrespondensie begin. Dit het gou geblyk dat Trevor se volle name inderwaarheid **Roydon Trevor Henning, gebore 25 Desember 1950** was. Ons het hom en al sy voorsate op rekord en sy genealogiese nommer in die Henning geslagsregister is a2.b1.c6.d11.e3.f1.g3. Ons het egter geen besonderhede van sy vrou, kinders en kleinkinders gehad nie en kon dus sy hele familie se gegewens op rekord neem.

Trevor Henning was ‘n toerbus operateur en eienaar van die maatskappy “Pony Express Coach Hire”. Hy was op Donderdagoggend 30 Julie 2020 besig om aan ‘n toerbus by sy huis te werk, toe ‘n domkrag vermoedelik meegegee en die bus op hom geväl het.

Sy dogter, Adele Henning, wat in haar woonstel op dieselfde perseel werk, sê sy het in ‘n stadium ‘n harde slag gehoor, maar nie onraad vermoed nie omdat sy gedink het haar pa haar sou roep as iets fout was.

“Ek het hom hoor werskaf, maar ons almal gaan ons gang en doen ons eie ding. Ek het nie iets snaaks van die harde slag gedink nie. Sy en haar ma, Elsa, wat later van die werk af gekom het, het op sy lyk afgekom.

Trevor was nege-en 'n half jaar oud toe sy pa oorlede is. Na skool werk hy vir 'n rukkie in die hotelbedryf. Daarna word hy 'n verteenwoordiger vir die BP Oliemaatskappy in Port Elizabeth, maar word in 1989 na George verplaas, waar hy die Wimpy kitskos winkel in Pacaltsdorp koop.

Gedurende Oktober 1998 begin hy die toerbus maatskappy - Pony Express Coach Hire - wat plaaslike en buitelandse toeriste vervoer.

Gedurende Junie 2011 was hy in 'n ongeluk betrokke, toe een van sy Quantum bussies op onverklaarbare wyse in die Tradouwpas by Barrydale aan die brand slaan en hy 45% brandwonde oor sy gesig en bolyf opgedoen het. Sy rehabilitasie het bykans 'n jaar lank geduur.

Ons het ook verneem dat Trevor se oudste broer, **Lourens Johannes (Laurie) Henning, gebore 23 Februarie 1941**, twee weke na Trevor se dood, op 15 Augustus 2020 gesterf het. Ongelukkig kon ons geen verdere gegewens oor sy dood kry nie.



Lientjie Pretorius (gebore Henning) *23-8-1939, wie op 13 Desember 2020 oorlede is

Elizabeth Magdalena Pretorius (Lientjie) (gebore Henning) gebore 23 Augustus 1939. Sy is op 13 Desember 2020 te Vanderbijlpark oorlede. Sy was getroud met Jan Hendrik Pretorius, gebore 30-6-1942. Hulle het ses kinders gehad.

Sy het in Vryheid groot geword en skool gegaan. Sy is oorlede in Sonlabpark Vereeniging 13 Desember 2020 aan “old timers”.. Op skool het sy in atletiek presteer. Sy was in haar jonger jare 'n teaterverpleegster in die Algemene Hospitaal, Johannesburg. Daarna is sy getroud en die beste ma vir haar ses kinders en eggenote vir haar man gewees. Sy word oorleef deur haar sewe boeties en sussies, wat haar altyd sal onthou en lief was vir haar en haar kinders.

Bondsekretaris se landlyn telefoon

Weens nie-eindige probleme met sy Telkom landlyn het Bondsekretaris, Olivier Henning besluit om hierdie diens op te sê. Hy kan dus voortaan net per selfoon, whatsapp, E-PoS of 'n persoonlike besoek, bereik word. Sy selfoonnummer (wat ook vir whatsapp's gebruik word) is 082 355 3801 en sy E-Posadres bly olie4@henning.org. Olivier woon by die Theewaterskloof Landgoed, in die distrik Villiersdorp, langs die R43 tussen Villiersdorp en die N2 aansluiting.

Hennings in Nieu-Seeland



a2.b1.c6.d4.e6.f1.g1.h2. Theunis Frederick Philippus (Theuns) Henning *18-9-1967, sy vrou Tania (gebore Kruger) en hul twee kinders, John William Ruben *2-6-2006 en Mia Cathrina *18-12-2008

Dr Theuns (Theunis Frederick Philippus) Henning *18 September 1967 (a2.b1.c6.d4.e6.f1.g1.h2) van Auckland, Nieu-Seeland het vir ons laat weet dat hy sien dat ons nog nie hy en sy vrou, Tania (gebore Kruger) se dogter, Mia Cathrina, gebore 18 Desember 2008 in die Familiekroniek op slag geneem het nie. Sy is in Auckland gebore

Sy is hulle tweede kind. Hul oudste kind is 'n seun, John William Reuben *2-6-2006.

Theuns is 'n dosent en navorser verbondé aan die Departement van Siviele- en Omgewings-Ingenieurswese aan die Universiteit van Auckland.

Die waarde van "Software Carpentries" vir Nagraadse Studente

Hierdie artikel sal in alle waarskynlikheid interessant en van waarde wees vir Hennings wat met nagraadse studies besig is.

Meeste lezers van Ons Haantjie sal al kennis geneem het van Dr Jannetta Steyn, dogter van a2.b7.c8.d8.e3.f1. Leonetta Steyn (gebore Henning) *10 Desember 1936. Sy bestuur die Henning Webwerf op Internet, het gehelp om die Henning Virtuele Museum tot stand te bring en sal in alle waarskynlikheid die grootste deel van die take van die Bondsekretaris oorneem wanneer ek nie meer hierdie take kan uitvoer nie.

Jannetta is 'n Rekenaarwetenskaplike van formaat. Hierdie Boeredogter is verbondé aan die Departement van Rekenaarwetenskap by die Universiteit van Newcastle in Engeland, waar sy twee Meestersgrade en 'n doktorsgraad in Rekenaarwetenskap verwerf het, nadat sy haar aanvanklike universiteitstudies in heeltemal 'n ander rigting aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO gedoen het.

Sy het nou laat weet dat sy as 'n stokperdjie betrokke geraak het by 'n organisasie met naam "Software Carpentries".

'n Baie belangrike konsep in die rekenaar-sagtewarewêreld is oopbronkode. Die idee is dat die programmeerkode vir die sagteware oop is vir enigiemand om te lees, by te dra of te hergebruik. Oop bron is egter nie net van toepassing op sagteware nie, maar ook op ander projekte soos byvoorbeeld leermateriaal of dan enigiets waaraan mens kan dink waar die bronne van die projek beskikbaar is vir bekouing of gebruik deur enigiemand.

Carpentries is 'n organisasie wat nou wêrelwyd daarop fokus om navorsers van alle vakgebiede te onderrig in die basiese rekenaartegnologie wat benodig word om hulle

data-analise te doen. Dit is veral van toepassing op nie-rekenaarwetenskaplike. Rekenaarwetenskaplik het gewoonlik die rekenaarvaardighede wat hulle benodig vir hulle navorsing. Maar wat van bioloë, taalkundiges, ingenieurs, wiskundiges of fisici. Glo dit of nie, die mense het nie noodwendig rekenaarvaardighede nie en hulle moet dit aanleer om hulle data analise te kan doen. Een van die sub-projekte wat Carpentries geloods het is Glosario en om aan te haal uit die Glosariowebwerf:

“glosario is ‘n oopbronwoordelys van terminologie wat in datawetenskap gebruik word en beskikbaar gestel word aanlyn sowel as ‘n programmateek in R en Python. Deur woordelysseleutels by ‘n les se metadata in te sluit, kan oueurs aandui watter inligting in ‘n les gedek word, wat leerders behoort te weet voordat die les begin en waar leerders die inligting kan vind. Outeurs kan ook die programmateekfunksies gebruik om konsekwente hiperskakels, vir terme en definisies in enige van verskeie tale, by hul lesse in te sluit.”

Aangesien Carpentries ook baie aktief in Suid-Afrika is, is daar besluit om Afrikaans in te sluit. Toe die oproep om hulp met die vertalings gemaak is het ek opgemerk dat Afrikaans op die lys is maar dat niemand nog bydra nie. Ek het dus dadelik my hand opgesteek en gesê: “Kies my! Kies my”. So ten spyte daarvan dat ek nou ‘n Engelsman is, het ek die Afrikaanse vertaling afgeskop. Die probleem wat ek toe téegekom het was dat daar niemand was om my bydraes na te sien nie en bydraes moet altyd deur ‘n tweede persoon geverifieer word voordat dit ingesluit word. Gelukkig is daar ‘n Carpentriesverteenvoerdiger in Suid-Afrika en ons kon haar vra om in te spring. Dus is dit net ek en sy wat op die oomblik bydra.

Gaan kyk gerus na glosario se webwerf op <https://glosario.carpentries.org/>. En, as jy wil, kan jy inspring en kom help. Omdat glosario ‘n oopbronprojek is, kan die binnegoed van die projek beskou word by die webwerf: <https://github.com/carpentries/glosario/>.

Omdat dit nogal gekompliseerd is om by te dra, is ek tans besig om ‘n program te skryf wat dinge makliker kan maak om by te dra. Hopelik sal ek die program binnekort kan vrystel.

Geldsake

Die Henning Familiebond het oor die afgelope ses-en-dertigjaar oorleef op die vrywillige donasies wat ons van goedgesinde Hennings en ander lede van die Familiebond ontvang. Ons kon dus ontwikkel in een van die besgeorganiseerde familiebonde in die land.

Uitgawes soos rekenaars, drukkers, skandeerders, kantooroerusting, skryfbehoeftes, asook om ‘n internetdiens en die Henning Webwerf op Internet in stand te hou, uitstalmateriaal by Henning feeste of ander genealogiese uitstellings, druk van nuusbriewe en versending per pos van die nuusbriewe, verg groot bedrae geld. Die grootste styging het by die inkkassette vir die druk van nuusbriewe plaasgevind, waar een stel inkkassette ons deesdae amper R2 000.00 kos om een nuusbrief op papier te duplikeer, vir versending aan sestig mense wat nie oor internet toegang beskik nie.

Ons hoop dat alle Hennings en aangetroude familielede dit sal oorweeg om minstens een keer per jaar 'n donasie, hoe klein ookal, vir die familiebond aan te stuur. Omdat ons weet dat alle Hennings nie ewe vermoënd is nie, laat ons dit oor aan elkeen om self te besluit hoeveel hulle kan bekostig om by te dra. Daar was nog altyd 'n paar lede wat groot donasies van etlike duisende Randte skenk, maar die meerderheid mense dra bedrae by wat wissel tussen R50.00 en R500.00 per jaar.

Dan is daar lede wat maandeliks 'n klein bekostigbare bedraggie (selfs van so min as R30.00 per maand) deur middel van 'n debietorder bydra. Later voel so 'n lid nie eens meer daardie klein bedraggie nie, maar vir die familiebond word dit oor 'n jaar 'n baie waardevolle bydae.

Na ons oproep in die vorige Haantjie het die volgende Hennings gereageer en wil ons aan almal baie dankie sê:

1. Die vier lede wat gereeld maandeliks per debietorder bydraes lewer. Hulle is mnr Jan Hendrik Henning van Glenstantia, Pretoria, mev Gesina Spangenberg van Tsumeb, Namibië, mev Runa (R T) van Straaten van Pretoriusspark, Pretoria en Pastoor Antonie Henning van Daspoot, Pretoria.
2. Die volgende persone het oor die afgelope drie maande vir ons 'n donasie gestuur:
 - a. Marlene Henning-Page van Pietersburg/Polokwane - R500.00
 - b. J A (Albert) Henning-Wisniewski van Uvongo - R150.00
 - c. Mev Pauline Castle van Carterton, Wairarapa, Nieu-Seeland – R530.00 (na alle bank- en-wisselkoers kostes afgetrek is).
 - d. Een van die verskeie Johan Henning's wat ons op rekord het – R200.00
 - e. M M (Mauritz) Henning van Theresapark, Pretoria-Noord – R100.00 nadat hy verskeie vorige donasie gedurende 2020 gemaak het
 - f. Mev Linda van Tonder van Ferndale – R200.00
 - g. Mev E M Dirker van Kochspark - R200.00
 - h. JJP (Jan) Henning van Bloemfontein – R200.00
 - i. T P (Flip) Henning en sy vrou Tania van Ermelo – R250.00

Ons wil dus 'n ernstige beroep doen op alle mense wat die Ons Haantjie nuusbrief ontvang om te oorweeg om minstens een keer per jaar vir ons 'n donasie aan te stuur. As u u lidnommer onthou, gebruik dit as verwysing, andersinds gebruik u naam, maar stuur asseblief vir ons 'n E-Pos (na olie4@henning.org) of whatsapp (na 082 355 3801) waarin u ons laat weet dat u geld in die familiebond se rekening gedeponeer het. Dit sal ons in staat stel om presies seker te maak wie die donasie gemaak het. Dit geld veral vir mense met gewilde familiename soos Johan, Johannes, Pieter, Jan ensvoorts.

Ons bankbesonderhede verskyn op die volgende bladsy.



Die rekeningbesonderhede is as volg: Henning Familiebond, FNB Villiersdorp (tak 200 712); Rekening nr 6265 7601 483. Gebruik asseblief u lidnommer of Voorletters en Van as verwysing

FAK Genealogiefees 10 April 2021



Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) beplan om op 10 April 2021 'n groot Genealogiefees by die Voortrekkermonument in Pretoria te hou.

Weens die betrokkenheid van die FAK by die Henning Familiebond se deelname aan die "Huppel in die Stap" program wat op 12 Julie 2020 op KykNET uitgesaai is, sou ons graag aan hierdie 10 April 2021 fees wou deelgeneem het om aan die breë gemeenskap te wys wat die Henning Familiebond al bereik het, maar soos u sal verstaan, sal dit 'n paar duisend Rand uit die sak van die familiebond ruk.

Ons hoop dus dat die donasies sal begin invloei en ons finansies teen April 2021 sodanig sal verbeter dat ons in staat sal wees om aan hierdie fees by die Voortrekkermonument, Pretoria deel te neem.

Henning Aandenkings

Die volgende Henning aandenkings is steeds beskikbaar. U kan telefonies by tel 082 355 3801 of per E-Pos (olie4@henning.org) bestel.

1. Henning CD — R125.00 plus R50.00 geregistreerde pos of per Postnet R99.00
2. Skryfblokke (50 bladsye) — R30.00
3. Lapelwapens — R30.00 — **NOG NET EEN OOR!**
4. Teelepel — R50.00 elk (goud geplateer) **Pragtig as 'n stel van ses of meer,**
5. Mansjetknope —R100.00 stel. **Werklik pragtig!**

Vir bestellings van slegs 'n CD of 'n enkele teelepel of die laaste lapelwapen wat ons oor het, sal versending per geregistreerde pos by die Poskantoor die goedkoopste wees — R50.00, maar onthou dat aflewering tot 'n maand lank kan duur.

By groot bestellings van verskeie items beveel ons aan dat die pakkie met Postnet gestuur word — 'n pakkie tot en met 5 Kg kos slegs R99.00 en word binne 'n week afgelewer - gewaarborg.

Ondersteun asseblief die familiebond.

Rekening besonderhede: Soos hier bo in rooi!